

DIE BOEK OPENBARING

Hoofstuk 10

Inleiding

Dieselfde basuin het die einde van die wêreldgeskiedenis aangekondig.

- Maar al die oordele wat die aarde en die mense wat daarop bly moet tref, is nie almal in die eerste ses basuine geopenbaar nie.
- Al die dinge wat oor almal en alles moet losbars, is nog nie gesien nie. Daar kom nog meer dinge!

As die sewende engel sy basuin blaas, kom daar oordeel en genade. Die volheid van God se genade oor sy uitverkore kinders word dan geopenbaar.

maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete. (Openbaring 10:7 AFR1953)

En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.

(Openbaring 11:15 AFR1953)

Daar is byvoorbeeld sewe geweldige donderslae wat dan voorkom.

- Johannes verstaan heeltemal wat hierdie donderslae beteken en wat hulle sê – maar hy word verbied om dit op te teken!
- Die inhoud daarvan moet verseël word, met ander woorde dit moet geheim bly.

Dieselfde geld van die boekie.

Die bedoeling is dat hierdie dinge die gelowiges tot die hoogste mate van waaksaamheid moet opskep. Hulle moet voorbereid wees sodat wanneer dié dinge – wat so noukeurig deur die Here aangekondig word – gebeur, hulle steeds in hulle geloof kan vasstaan.

Vers 1

En ek het 'n ander sterk engel uit die hemel sien neerdaal, bekleed met 'n wolk, en 'n reënboog was oor sy hoof, en sy aangesig was soos die son, en sy voete soos pilare van vuur; (Openbaring 10:1 AFR1953)

Johannes sien 'n ander sterk engel neerdaal.

- Hy is dus nou in die gesig wat hy sien, nie meer in die hemel nie!
- Hy moet nou weer op die aarde wees, want anders kan die sterk engel nie neerdaal/afkom nie!

Vraag: Was hy nou weer in die gees op die aarde of sien hy die engel fisies?

Daar is verskillende engele wat by die Here elkeen 'n eie opdrag kry.

- Hulle opdragte verskil heeltemal van mekaar.
- Daarom sê Johannes dit ook duidelik: Hy sien 'n **ander engel**.
- Dis nie dieselfde engel wat hy al vantevore gesien het nie.

Hierdie engel is ook sterk. Sterk (letterlik 'n *ysterengel!*) beteken dat hierdie engel die krag en mag het om werklik groot dinge te kan doen! (By implikasie: Hy gaan dit ook doen. Watch net!)

Die engel was met 'n wolk bekleed.

- Letterlik staan daar dat hy met 'n wolk toegegooi was.
- Van die Skrifverklaarders dink daaraan dat die wolk die engel se voertuig was. (Die Skrif sê dit nie en brei ook nie verder daarop uit nie.)

Vergelyk hiermee saam die volgende Skrifuitsprake:

En hulle het 'n groot stem uit die hemel vir hulle hoor sê: Kom op hierheen! En hulle het opgevaar na die hemel in die wolk, en hul vyande het hulle aanskou. (Openbaring 11:12 AFR1953)

En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit wolk en een soos 'n Menseseun wat op die wolk sit, met 'n goue kroon op sy hoof en in sy hand 'n skerp sekel. (Openbaring 14:14 AFR1953)

Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteeke het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen! (Openbaring 1:7 AFR1953)

Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. (1 Tessalonisense 4:17 AFR1953)

. . . wat sy solders bou in die waters, wat van die wolke sy wa maak, wat op die vleuels van die wind wandel, (Psalm 104:3 AFR1953)

Verder was daar 'n reënboog om die engel se kop.

Om te verstaan hoe magtig hierdie engel werklik was, kan ons dit vergelyk met 'n paar openbaringe oor die heiligheid van die Here self:

Wolke en donkerheid is rondom Hom; geregtigheid en reg is die grondslag van sy troon. (Psalm 97:2 AFR1953)

Soos die gedaante van die boog wat in die wolk is op 'n reëndag, so het die glans rondom gelyk. So het die verskyning van die heerlijkheid van die HERE gelyk. En toe ek dit sien, het ek op my aangesig geval en die stem gehoor van Een wat spreek. (Esegiël 1:28 AFR1953)

En Hy wat daarop sit, het in sy voorkoms gelyk soos die steen jaspis en sardius; en rondom die troon was 'n reënboog wat in sy voorkoms gelyk het soos 'n smarag. (Openbaring 4:3 AFR1953)

Die engel is beslis 'n engel met baie aansien en ook besonder baie heerlijkheid (meer as gewone engele).

- Johannes merk dit dadelik op, daarom skryf hy dat die engel se gesig so blink was dat Johannes nie daarna kon kyk nie!
- Want hy sê van die engel: **sy aangesig was soos die son.**

Ons sal waarskynlik baie soortgelyk wees wanneer ons in die koninkryk van God is.

Dan sal die regverdige skyn soos die son in die koninkryk van hulle Vader. Wie ore het om te hoor, laat hom hoor. (Matteus 13:43 AFR1953)

Die engel is so magtig en so heerlijk dat ons maklik onder die indruk kan kom dat hier van die Here Jesus gepraat word.

Die Here openbaar soortgelyke dinge van die Here Jesus:

En Hy het voor hulle van gedaante verander, en sy aangesig het geblink soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig. (Matteus 17:2 AFR1953)

En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag. (Openbaring 1:16 AFR1953)

Die gesig in Openbaring 10:1 wys beslis nie op die Here Jesus nie.

- Johannes sê baie duidelik dat dit 'n engel is wat hy sien.
- Onthou dat hy reeds die Here Jesus in Openbaring 1 gesien het. Hy sal dus nie nou na die Here Jesus verwys as 'n engel nie.

Hierdie engel het ook **voete soos pilare van vuur.**

Dit kom ook in 'n sekere sin ooreen met wat Johannes in die openbaring van die Here Jesus Christus gesien het:

. . . en sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en sy stem soos die stem van baie waters. (Openbaring 1:15 AFR1953)

Waarom dit van die engel ook geopenbaar word, is bloot om aan te toon dat hy ongetwyfeld bekwaam is om die opdrag wat God vir hom gee, uit te voer.

Vers 2

en in sy hand het hy 'n geopende boekie gehad, en hy het sy regtervoet op die see gesit en sy linkervoet op die land; (Openbaring 10:2 AFR1953)

Die engel het 'n oopgemaakte boekie in sy hand.

- Dit beteken dat iemand (die Here self?) reeds hierdie boekie oopgemaak het met die doel dat die inhoud daarvan bekendgemaak moet word.
- Dit staan natuurlik teenoor die opdrag ten opsigte van die donderslae, want daardie dinge moes verseël word.

Vergelyk vir die boekie dit wat die Here laat opskryf het in Esegïel 2:9:

Toe kyk ek, en daar was 'n hand na my toe uitgesteek, en daarin 'n boekrol! En Hy het dit voor my uitgesprei; en dit was beskrywe op die voor- en agterkant, en daarop was geskrywe klaagliedere en gesug en wee. (Esegïel 2:9-10 AFR1953)

Hierdie is nie dieselfde boek as die boek in hoofstuk 5:1 nie.

En ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, 'n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël. (Openbaring 5:1 AFR1953)

- Die boek van Openbaring 5 bevat die volle verlossingsraad van die Here.
- Die boekie in Openbaring 10:2 bevat net 'n klein stukkie van die Here se Raad.

Vers 3, 4

en hy het met 'n groot stem uitgeroep soos 'n leeu wat brul, en toe hy uitgeroep het, het die sewe donderslae hulle stemme laat hoor. En toe die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, wou ek skrywe; maar ek het 'n stem uit die hemel vir my hoor sê: Verseël wat die sewe donderslae gespreek het, en skryf dit nie op nie. (Openbaring 10:3-4 AFR1953)

Die ander sterk engel roep met 'n groot stem – wat beteken dat hy geweldig hard geroep (of geskreeu!) het.

- Sy stem het die ontsag gehad soos die brul van 'n leeu. (Wetenskaplikes het vasgestel dat 'n leeu se brul tot so ver as vyf kilometer ver deur die menslike oor gehoor kan word!)
- Die simboliek daarvan is dat letterlik die hele skepping hierdie engel se woorde gehoor het!
- Hierdie beeld simboliseer die *mag* wat in die engel se bevel na vore kom.

Johannes skryf nie dit wat die engel uitgeroep het neer nie.

Het hy dalk aan die sewe donderslae bevel gegee dat hulle hulle sêgoed moes sê, want toe hy klaar sy stem verhef het, het die sewe donderslae hulle stemme laat hoor?

- Die donderslae was dus ook dienaars wat geweet het wat die Here gaan doen, want hulle kondig dinge aan wat nog nie geopenbaar mag word nie.
- Daar is dus nog steeds verborgenhede wat verder in die verloop van die raadsplan van God geopenbaar sal word.
- Die sewe donderslae het dinge gesê wat vir die gelowige oor duidelike woorde was – daarom het Johannes goed gehoor wat hulle sê – so goed dat die Here hom verbied om dit neer te skryf.
- As dit verseël word, beteken dit dat niemand anders mag weet wat hierdie sewe donderslae kwytgeraak het nie.
- Vergelyk daarvoor Jesaja 29:11:

So het dan die gesig van al hierdie dinge vir julle geword soos die woorde van 'n verseëlde boek wat hulle gee aan iemand wat kan lees, met die woorde: Lees dit tog! Maar hy sê: Ek kan nie, want dit is verseël.

(Jesaja 29:11 AFR1953)

Vergelyk hierby ook nog:

My oortreding is verseël in 'n bondeltjie, en U sluit my ongeregtheid weg. (Job 14:17 AFR1953)

En hy het gesê: Gaan heen, Daniël, want die woorde bly verborge en verseël tot die tyd van die einde toe. (Daniël 12:9 AFR1953)

Maar daarteenoor:

En hy het vir my gesê: Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie, want die tyd is naby. (Openbaring 22:10 AFR1953)

Vers 5-7

En die engel wat ek op die see en op die land sien staan het, het sy hand na die hemel opgehef, en hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel geskape het en wat daarin is, en die aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is, dat daar geen tyd meer sal wees nie; maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete. (Openbaring 10:5-7 AFR1953)

Die vers begin deur nog 'n keer na die grootheid van die engel te verwys: **die engel wat ek op die see en op die land sien staan het . . .**

Hy tel sy hand (watter hand?) na die hemel toe op.

- Dis 'n gebaar om aandag te trek.
- Maar dis ook 'n gebaar om die erns van die saak te beklemtoon.
- Vergelyk hiervoor:

En toe hy dit toegelaat het, gaan Paulus op die trappe staan en wink met die hand vir die volk. En nadat daar 'n groot stilte gekom het, het hy hulle in die Hebreeuse taal toegesprek en gesê: (Handelinge 21:40 AFR1953)

Dit was van die ou tyd af tot vandag toe die gebaar wat deur mense gebruik is wanneer hulle hulle op God beroep het.

- Hulle het hulle hand in die lug opgesteek (na God toe!) en dan 'n eed gesweer.

Want Ek sal my hand na die hemel ophef en sê: So waar as Ek ewig leef—
(Deuteronomium 32:40 AFR1953)

Toe antwoord Abram die koning van Sodom: Ek hef my hand op tot die HERE, God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde, (Genesis 14:22 AFR1953)

(6:6) en Ek sal julle as my volk aanneem en vir julle 'n God wees. En julle sal erken dat Ek die HERE julle God is wat julle uitlei onder die harde arbeid van die Egiptenaars uit.
(Eksodus 6:7 AFR1953)

Toe hoor ek die man, met linne bekleed, wat bo-oor die water van die rivier was, en hy het sy regterhand en sy linkerhand na die hemel opgehef en gesweer by die Ewig-Lewende: 'n Tyd, tye en 'n halwe tyd, en as hulle die mag van die heilige volk geheel verstrooi het, sal al hierdie dinge vervul word. (Daniël 12:7 AFR1953)

Hierdie engel na wie Johannes staan en kyk, het toe inderdaad gesweer: **hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, . . .**

Daar volg 'n lang en volledige uitbreiding by die eed wat die engel aflê van Wie God is:

- Hy lewe tot in ewigheid.
- Hy het die hemel geskape
- en wat daarin is,
- en die aarde
- en wat daarin is,
- en die see
- en wat daarin is.

Dis alles dinge wat die almag en die karakter van God beskryf.

- Hierdie lys gee dus ook die aard van die eed aan!
- Dit is 'n baie plegtige eed, want dit raak die ewiglewendheid van God wat die waarborg is van die suiwerheid en krag van die eed.
- Maar dit raak ook die volle beskikking van die hele skepping.

Teenoor die ewiglewendheid van God is die skrilte kontras **dat daar geen tyd meer sal wees nie!**

Die engel kondig dus aan dat daar geen uitstel meer is nie en dat die eindoordeel (die finale gerig van God) nou hier is.

Let op dat die engel nie praat oor die tyd (ewigheid) na die eindoordeel nie.

- Sy eed raak die skepping waarby die geskape tyd geld (dis aand en dis môre die eerste dag . . .).
- Van die tyd in die skepping sweer God dat die laaste oordeel nie meer langer uitgestel sal word nie.
- Die geduld van die Here is nou op met die sondaars (mense en engele).

Hy kondig ook aan dat die raad van God vervul word wanneer dit gebeur:

maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete.

Die woorde *blye tyding* steek vas, want uit wat die Here openbaar (al die lyding wat oor die aarde trek) lyk dit glad nie na blydschap nie.

Daarom moet ons die hele Bybel in sy perspektief lees. Hoofstuk 11:15 openbaar dat daar op hierdie oomblik 'n lofsang uitbreek in die hemel:

En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid. (Openbaring 11:15 AFR1953)

Dan kom die volle evangelie tot vervulling.

Die Here wys daarop dat Hy hierdie evangelie as 'n blye tyding vir baie jare aan die profete verkondig het.

Die boodskap is duidelik: GAAN LEES JOU BYBEL EN VERSTAAN DIE TYD!

Vers 8-11

En die stem wat ek uit die hemel gehoor het, het weer tot my gespreek en gesê: Gaan, neem die geopende boekie in die hand van die engel wat op die see en op die land staan. En ek het na die engel gegaan en aan hom gesê: Gee my die boekie. Toe sê hy vir my: Neem en eet dit op, en dit sal jou maag bitter maak, maar in jou mond sal dit soet wees soos heuning. Toe neem ek die boekie uit die hand van die engel en eet dit op, en in my mond was dit soet soos heuning; maar toe ek dit geëet het, het my maag bitter geword. En hy het vir my gesê: Jy moet weer profeteer oor baie volke en nasies en tale en konings. (Openbaring 10:8-11 AFR1953)

Die sewende engel het nou sopas aangekondig dat alle aardse tyd verbygegaan het.

- Tog word die einde nie geopenbaar nie.
- Daar gebeur nog eers iets tussenin.

'n Stem (God?) praat weer met Johannes.

- Hy moet na die engel toe gaan en die boekie gaan vra.

Die vraag is: Waarom? Die rede is tweeledig:

- Die tyd is nou besig om te verstryk – die engel het dit aangekondig dat daar nou nie meer tyd gaan wees nie.
- Die tweede is dat die Here duidelik gemaak het dat daar nog dinge geopenbaar moet word.

Die dinge wat geopenbaar word, is dat die Raadsplan van God reg en vol majesteit is, maar dat die mense dit baie pynlik gaan ervaar.

- Om dit te verduidelik/openbaar laat die Here Johannes op 'n sigbare en proebare manier voel wat die uitwerking van God se verlossingsraad op die mens is.
 - Hy moet die boekie eet – die boekie simboliseer God se Raad.
 - Die boekie smaak heerlik – dit smaak soos heuning.
 - Die betekenis is dat daar geen fout is met God se verlossingsraad nie – die uitwerking daarvan op die mens is heerlik en aangenaam, want ons eindig in die ewigheid voor God se troon!
- Maar vir Johannes om van die mens se kant af deel te wees van hierdie verlossingsraad, is allesbehalwe aangenaam.

- In sy maag word dit bitter. Dit teken die droewige ellendes wat ons op die aarde deurmaak wanneer God sy oordeel oor die verdorwenheid van die aarde en sy mense voltrek.

Esegiël het 'n baie soortgelyke openbaring gehad. Die Here het dus hierdie saak ook al oor eeue aan die kerk geopenbaar:

Daarna het Hy vir my gesê: Mensekind, eet op wat jy vind; eet hierdie rol op, en gaan spreek met die huis van Israel. Toe het ek my mond oopgemaak, en Hy het my dié rol laat eet en vir my gesê: Mensekind, laat jou buik eet, en vul jou ingewande met hierdie rol wat Ek jou gee. En ek het dit geëet, en dit was in my mond soos heuning so soet. En Hy het vir my gesê: Mensekind, kom, gaan na die huis van Israel, en spreek hulle aan met my woorde; (Esegiël 3:1-4 AFR1953)

Die evangelie is dus 'n lig en 'n krag van die saligheid wat God gee vir almal wat Hy verlos. Maar dit is ellendes vir die wat verlore gaan!

Vir die heerlikheid van die verlossing kan ons dink aan Bybelgedeeltes soos Romeine 1:16:

Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek. (Romeine 1:16 AFR1953)

Die Bybel is daarteenoor glad nie onduidelik oor wat die ongelowiges gaan deurmaak nie.

2 Korintiërs 2:16 stel die eindproduk van die evangelie vir die ongelowiges en die gelowiges teenoor mekaar (as 'n kontras):

. . . vir die laaste 'n reuk van die dood tot die dood, maar vir die eerste 'n reuk van die lewe tot die lewe. En wie is tot hierdie dinge bekwaam? (2 Korintiërs 2:16 AFR1953)

Die Here is glad nie onduidelik oor sy bedoeling met die ongelowiges in die hiernamaals nie!

. . . naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie. (2 Korintiërs 4:4 AFR1953)

Die Here openbaar aan Johannes dat daar geen fout is met die evangelie nie.

- Die ellendes wat in die wêreld oor die mense kom, word veroorsaak deur magte en mense wat teen die prediking van versoening en verlossing deur die Here Jesus gekant is.
- Dis hulle wat die bitterheid en goormaag vir die gelowiges veroorsaak.

Daar was niks met die boekie verkeerd nie. Dit was soet soos heuning!

- Die fout was in Johannes se maag – sy maag kon die boekie nie hanteer nie!
- Die mense wat die evangelie moet hanteer, is nie in staat om dit tot heerlikheid te doen nie.
- Hulle veroorsaak al die bitterheid en krampe en wat als nog!

Na die boekiemaaltyd word Johannes aangesê om weer te profeteer. Hierdie keer **oor baie volke en nasies en tale en konings.**

Johannes sê nie wie die bevel vir hom gee nie.

- Is dit die stem wat aan die begin praat en die opdrag gee om die boekie te gaan vra en te eet?
- Of is dit die sterk engel wat dit vir hom sê?

Waarom sê hy nie wie die bevel gee nie? Die antwoord is redelik eenvoudig:

- Dit gaan nie oor wie die bevel gee nie.

- Dit gaan oor die inhoud of die betekenis van die boekie wat hy moes opeet.

Johannes se profesie gaan handel oor die toekoms van die volke op die aarde.

- Daarom word die profesie so omvattend as moontlik gestel.
- Die verkondiging van die evangelie en die weerstand daarteen gaan in baie volke en tale groot woelinge veroorsaak.
- Die woordjie **baie** dui aan dat die dinge wat gaan gebeur nie sporadies gaan wees nie.
- Talle volke en nasies gaan by al die dinge betrokke wees – dit is dus 'n totale wêreldgebeurtenis!